# Government Gazette
# Staatskoerant

**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

**Vol. 567** **Cape Town, Kaapstad,** **25 September 2012** **No. 35714**


## THE PRESIDENCY

No. 782 25 September 2012

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 9 of 2012: Criminal Procedure Amendment Act, 2012**

## DIE PRESIDENSIE

No. 782 25 September 2012

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No 9 van 2012: Strafproseswysigingswet, 2012**


9 771682 584003 35714



**AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure**

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments. |
| ______ | Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments. |

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 13 September 2012)*

# ACT

**To amend the Criminal Procedure Act, 1977, so as to substitute and align the provisions relating to the use of force in effecting arrest of a suspect with a judgment of the Constitutional Court; and to provide for matters connected therewith.**

PARLIAMENT of the Republic of South Africa enacts, as follows:—

**Substitution of section 49 of Act 51 of 1977, as substituted by section 7 of Act 122 of 1998**

**1.** The following section is hereby substituted for section 49 of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977):

''**Use of force in effecting arrest**

**49.** (1) For the purposes of this section—

*(a)* **'arrestor'** means any person authorised under this Act to arrest or to assist in arresting a suspect; **[and]**

*(b)* **'suspect'** means any person in respect of whom an arrestor has **[or had]** a reasonable suspicion that such person is committing or has committed an offence; and

*(c)* **'deadly force'** means force that is likely to cause serious bodily harm or death and includes, but is not limited to, shooting at a suspect with a firearm.

(2) If any arrestor attempts to arrest a suspect and the suspect resists the attempt, or flees, or resists the attempt and flees, when it is clear that an attempt to arrest him or her is being made, and the suspect cannot be arrested without the use of force, the arrestor may, in order to effect the arrest, use such force as may be reasonably necessary and proportional in the circumstances to overcome the resistance or to prevent the suspect from fleeing **[: Provided that the arrestor is justified in terms of this section in using deadly force that is intended or is likely to cause death or grievous bodily harm to a suspect, only if he or she believes on reasonable grounds—**

***(a)* that the force is immediately necessary for the purposes of protecting the arrestor, any person lawfully assisting the arrestor**

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan. |
| ______ | Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan. |

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 13 September 2012)*

# WET

**Tot wysiging van die Strafproseswet, 1977, ten einde die bepalings betreffende die gebruik van geweld by inhegtenisneming van 'n verdagte te vervang en in ooreenstemming met 'n uitspraak van die Konstitusionele Hof te bring; en om vir verbandhoudende aangeleenthede voorsiening te maak.**

DIE PARLEMENT van die Republiek van Suid-Afrika, verorden, soos volg:—

**Vervanging van artikel 49 van Wet 51 van 1977, soos vervang deur artikel 7 van Wet 122 van 1998**

**1.** Artikel 49 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Gebruik van geweld by inhegtenisneming**

**49.** (1) Vir die doeleindes van hierdie artikel beteken—

*(a)* **'arresteerder'** 'n persoon wat ingevolge hierdie Wet gemagtig is om 'n verdagte in hegtenis te neem of om met sy of haar inhegtenisneming behulpsaam te wees; **[en]**

*(b)* **'verdagte'** 'n persoon ten opsigte van wie 'n arresteerder 'n redelike vermoede het **[of gehad het]** dat sodanige persoon 'n misdryf pleeg of gepleeg het; en

*(c)* **'dodelike geweld'** geweld wat waarskynlik ernstige liggaamlike besering of dood kan meebring, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, die skiet op 'n persoon met 'n vuurwapen.

(2) Indien 'n arresteerder poog om 'n verdagte in hegtenis te neem en die verdagte hom of haar teen die poging verset, of vlug, of hom of haar teen die poging verset en vlug, wanneer dit duidelik is dat 'n poging aangewend word om hom of haar in hegtenis te neem, en die verdagte nie sonder die aanwending van geweld in hegtenis geneem kan word nie, kan die arresteerder, ten einde die inhegtenisneming uit te voer, die geweld gebruik wat redelikerwys nodig en proporsioneel in die omstandighede is om die verset te bowe te kom of om die verdagte te verhinder om te vlug **[: Met dien verstande dat die arresteerder ingevolge hierdie artikel geregverdig word om dodelike geweld te gebruik wat gerig is op, of waarskynlik aanleiding sal gee tot, die dood of ernstige liggaamlike besering van 'n verdagte, slegs indien hy of sy op redelike gronde vermoed—**

***(a)*** **dat die geweld onmiddellik noodsaaklik is vir doeleindes van beskerming van die arresteerder, 'n persoon wat die arresteerder**

**or any other person from imminent or future death or grievous bodily harm;**

***(b)*** **that there is a substantial risk that the suspect will cause imminent or future death or grievous bodily harm if the arrest is delayed; or**

***(c)*** **that the offence for which the arrest is sought is in progress and is of a forcible and serious nature and involves the use of life threatening violence or a strong likelihood that it will cause grievous bodily harm]**,

but, in addition to the requirement that the force must be reasonably necessary and proportional in the circumstances, the arrestor may use deadly force only if—

*(a)* the suspect poses a threat of serious violence to the arrestor or any other person; or

*(b)* the suspect is suspected on reasonable grounds of having committed a crime involving the infliction or threatened infliction of serious bodily harm and there are no other reasonable means of effecting the arrest, whether at that time or later.''.

**Short title**

**2.** This Act is called the Criminal Procedure Amendment Act, 2012.

**wettiglik behulpsaam is of enige ander persoon, teen onmiddellik dreigende of toekomstige doding of ernstige liggaamlike besering;**

***(b)*** **dat daar 'n wesenlike risiko is dat die verdagte onmiddellik dreigende of toekomstige doding of ernstige liggaamlike besering sal veroorsaak indien die inhegtenisneming uitgestel word; of**

***(c)*** **dat die misdryf waarvoor die inhegtenisneming verlang word aan die gang is en van 'n gewelddadige en ernstige aard is en die gebruik van lewensbedreigende geweld of 'n sterk waarskynlikheid dat dit ernstige liggaamlike besering sal veroorsaak, behels]**,

maar, bykomstig by die vereiste dat die geweld redelikerwys nodig en proporsioneel in die omstandighede moet wees, mag die arresteerder dodelike geweld slegs gebruik indien—

*(a)* die verdagte 'n bedreiging van ernstige geweld teenoor die arresteerder of 'n ander persoon inhou; of

*(b)* die arresteerder op redelike gronde vermoed dat die verdagte 'n misdryf gepleeg het wat die toediening of dreigende toediening van ernstige liggaamlike besering behels het en daar geen ander redelike manier is waarop die inhegtenisneming, hetsy op daardie tydstip of later, uitgevoer kan word nie.''.

**Kort titel**

**2.** Hierdie Wet heet die Strafproseswysigingswet, 2012.